



BEDIENINGSTRUKTUUR

GOEIE GEWOONTES EN GELOOFSDISSIPLINES IN 'N WYK

1. HOE ONS DINK OOR DIE KERK

Ons sien dat Hartenbos gemeente inpas in die Bybelse beeld van die kerk wat funksioneer as 'n liggaam. Ons vind hierdie beginsel veral in Romeine 12, 1 Korintiërs 12 en Efesiërs 4. Ons is die Liggaam van Christus wat bestaan uit verskillende lede, elkeen met unieke gawes. Ons leef ons gawes uit in verskillende leiersrolle en bedieninge waartoe die Here ons roep. Die Bybelse ideaal is dat elke lidmaat toegerus sal wees om sy/haar roeping volgens sy/haar gawes uit te leef. Die lidmate word deur die leierskap toegerus vir hulle diens aan die gemeente en die wêreld. So word die Liggaam van Christus opgebou en God se wêreld gedien. As leiers sê ons soos Jesus: ons is nie hier om gedien te word nie, maar om te dien! Ons is deur God geseën sodat ons vir mekaar, ons gemeente en ons wêreld tot seën kan wees.

2. ONS STRUKTUUR

STREKE

Die gemeente word in 3 streke ingedeel met 'n Leraar as geestelike leier in elk.

BLOKKE

'n Streek word in blokke ingedeel, elk met 'n Blokouderling en 'n Blokdiaken wat op die Kerkraad dien.

WYKE

'n Blok word in wyke ingedeel, elk met 'n Wykleier wat nie op die Kerkraad dien nie, maar ter wille van kommunikasie Blokleierbyeenkomste bywoon. Die Blokouderling en Blokdiaken neem verantwoordelikheid om die wyke in hulle blok te help om hulle Wyksleiers onder leiding van die Gees aan te wys.



DIENSAREAS

Die Wykleier lei die wyk in 'n roepingsgesprek (indien nodig met hulp van blokleiers, streekleiers of leraar) om die diensareas en Diensleiers in hulle wyk te identifiseer. Diensareas kan byvoorbeeld wees: Dankofferinsameling, omgeebediening (bejaardes, siekes, ens), gasvryheidsbediening (nuwe intrekkers, verjaarsdae, ens), wykbyeenkomste lei, getuienisbediening, ens.

TERMYNE VAN LEIERS

Daar is geen termyn gekoppel aan die diens van leiers in die gemeente nie. Ons bly in die bepaalde leiersrol totdat die Here ons anders lei of omstandighede vereis dat ander leiers aangewys moet word. Leiers moet egter besef dat dit beter is om uit te tree wanneer hy/sy nie meer die verantwoordelikhede kan nakom nie. Wisseling in leierskap is meestal goed en word aangemoedig. Hieroor bly ons in gebed voor die Here met openheid vir die leiding van die Gees.

3. ONS LEIERS

3.1 DIE STREEKSLEIERS

Aanwysing

Die Streekleiers word, onder leiding van die Gees en in konsultasie tussen die streekleraar en blok- en wyksleiers benoem. Dit dien as pre-advies aan die Kerkraadsvergadering waar die leiers verkies word. Indien die aanwysing as Streekleiers aanvaar word, word hul name aan die gemeente bekend gemaak en indien die gemeente instem, word hulle as Streekleier-ouderling of -diaken tydens 'n Erediens bevestig. Indien 'n Blokleier of Wykleier as Streekleier aangewys word, moet daar 'n ander Blokleier/Wykleier in sy/haar plek in die blok/wyk aangewys word.



Verantwoordelikheid

Die Streekleiers werk baie nou met die Streekleraar saam. Die Streekleier se primêre verantwoordelikheid is die bediening, toerusting en ondersteuning van die Blokleiers. Die Streekleier hou saam met die Leraar toesig oor die geestelike en algemeen-menslike welsyn van die hele streek. Die Streekleier:

- Dra deeglike kennis van leierskap-struktuur.
- Moet op hoogte wees gemeente roeping van fokusares.
- Tree op as geestelike voog vir blok- en wyksleiers in onderskeie streke.
- Monitor streekseie kwessies en reël nodige aksies om dit aan te spreek.
- Reël kommunikasiegeleenthede met Blokleiers.
- Reël Streekdienste en ander Streekbyeenkomste.
- Woon Streekleierbyeenkomste by.
- Hou toesig oor die Streekkerkraad se diens in Eredienste en Nagmaal.
- Woon konsistoriebyeenkomste voor en na Eredienste by.
- Voer alle ander toepaslike opdragte van die Kerkraad uit.
- Help in streeksverband strategies dink.
- Konsulteer een maal per kwartaal met gemeentebestuurder oor streekverwante sake.
- Bid gereeld saam met u streekleraar.



3.2 DIE BLOKLEIERS

DIE BLOKOUDERLING

Aanwysing

Die Blokouderling word, onder leiding van die Gees, by geleentheid van 'n Wykleiersbyeenkoms aangewys. Dit dien dan as pre-advies aan die Kerkraad vir verkiesing as Blokouderling by die gepaste Kerkraadvergadering. Die name van lidmate wat as Kerkraadlede aangewys is, word aan die gemeente bekend gemaak en indien die aanwysing aanvaar word, word hy/sy by 'n erediens as Kerkraadlid bevestig. Indien 'n Wykleier as Blokouderling aangewys word, moet daar 'n ander Wykleier in sy/haar plek in die wyk aangewys word.

Verantwoordelikheid

Die Blokouderling se primêre verantwoordelikheid is om die Wykleiers in sy/haar blok te bedien, toe te rus en te ondersteun sodat hulle op hulle beurt die lidmate kan toerus en ondersteun vir hulle diens in die Liggaam van Christus (Efe 4:12) Die Blokouderling verteenwoordig die blok as geestelike leier op die Kerkraad en dien as skakel tussen die Kerkraad en die Wykleiers in sy/haar blok. Die Blokouderling:

- Hou, in samewerking met die onderskeie Wykleiers toesig oor die lidmate se geestelike en algemeen menslike welsyn in die onderskeie wyke van die blok.
- Reël periodiek kommunikasiegeleenthede met die Wykleiers van die blok.
- Sien toe dat elke wyk 'n Wykleier het en vakatures so gou as moontlik gevul word.
- Woon Streekbyeenkomste by.
- Tree op as kommunikasiekanaal tussen Wyksleiers en die Kerkraad.
- Vervul 'n geestelike leiersrol van diensbaarheid in die blok.
- Organiseer toerusting vir die Wykleiers in die Blok
- Help die Wykleiers in enige opsig waar hulp verlang word.
- Woon Konsistoriebyeenkomste voor en na die Erediens by.
- Help die streeksleier om konsistoriegebede en gasvryheidsbediening by eredienste te reël wanneer die betrokke streek of blok daartoe aangewys is.
- Voer enige ander toepaslike opdragte van die Kerkraad uit.



DIE BLOKDIAKEN

Aanwysing

Die Blokdiaken word, onder leiding van die Gees, by geleentheid van 'n Wyksleiersbyeenkoms aangewys as leier tov diakonale werk in die blok. Dit dien as pre-advies aan die Kerkraad vir verkiesing as Blokdiaken by die gepaste Kerkraadsvergadering. Die name van lidmate wat as Kerkraadslede aangewys is, word aan die gemeente bekend gemaak en indien die aanwysing aanvaar word, word hy/sy by 'n Erediens as Kerkraadslid bevestig.

Verantwoordelikheid

Die Blokdiaken se primêre verantwoordelikheid is om die Wykleiers en toepaslike Diensleiers in sy/haar blok by te staan ten opsigte van die tradisionele diakonale diens in die wyk (insameling van dankoffers, barmhartighedsbediening en ander administratiewe diens). Die Blokdiaken:

Is beskikbaar vir die opneem van bankoffers en deuroffers tydens eredienste, en help ook om wyksleiers vanuit sy/haar blok te betrek vir sodanige diens tydens die eredienste.

Is beskikbaar vir die voorbereiding en bediening van die Nagmaal, en help ook om wyksleiers vanuit sy/haar blok te betrek vir sodanige diens tydens die eredienste.

Versprei gemeente korrespondensie aan die Wyksleiers, en kontroleer dat sodanige korrespondensie (soos ook dankofferkoeverte, kollektelyste, ens.) in die wyke versprei word.

Woon konsistoriebyeenkomste voor en na Eredienste by.

Woon Streekbyeenkomste by.

Voer enige ander toepaslike opdragte deur die Kerkraad uit.



3.3 DIE WYKSLEIERS

Aanwysing

Die Wykleier word, onder leiding van die Gees, by 'n wykbyeenkoms aangewys. Hierdie aanwysing word deur die Kerkraad bevestig en die Wykleier word in 'n erediens aan die gemeente bekend gestel. Ons beveel aan dat die wyk een keer per jaar 'n gesprek het oor die posisie van die Wyksleier. By hierdie gesprek kan die dienende Wyksleier weer aangewys word of 'n nuwe Wyksleier kan aangewys word.

Verantwoordelikheid

Die Wykleier aanvaar verantwoordelikheid vir die geestelike leiding, versorging en bediening van die lidmate in sy/haar wyk. Hierin word hy/sy ondersteun deur die Blokouderling en – diaken. Die Wykleier moet egter daarteen waak om alles self te doen.

U moet asseblief soveel moontlik van die bedieninge aan lidmate afgee. Die Wykleier:

- Lei die wyk om diensareas te identifiseer en Diensleiers aan te wys. (Bv dankoffers, omgeebediening, gasvryheidsbediening, getuienisbediening, leiding van wyksbyeenkomste, ens.).
- Reël van tyd tot tyd kommunikasiegeleenthede met die Diensleiers van die wyk.
- Organiseer toerusting (indien nodig met hulp van blokleiers/streeksleier of Leraar) vir die Diensleiers en lidmate wat betrokke is by diensareas.
- Woon, indien hy/sy self die Wykbyeenkoms lei, die Wykbyeenkoms toerusting by, of sien toe dat die lidmaat wat die byeenkoms lei, dit bywoon.
- Tref alle reëlins tov Wykbyeenkomste.
- Doen gereelde huisbesoeke en ander pastorale besoeke in samewerking met Diensleiers en lidmate. Organiseer lidmate om mekaar te besoek. Moenie alles self doen nie!
- Bywoning van Blokleiersbyeenkomste en Streeksbyeenkomste.
- Wyksleiers word aangemoedig om in die Erediens te help met dankoffer insameling en Nagmaaldiens. Skakel asb hieroor met u Streeksdiaken.
- Uitvoer van enige ander toepaslike opdragte deur die Kerkraad.



3.4 DIE DIENSLEIERS

Aanwysing

Die Diensleiers word deur die wyk aangewys as leiers van bepaalde diensareas in die wyk. Die Wykleier lei die wyk om biddend by die Here te “hoor” watter diensareas in die wyk moet funksioneer. Elke wyk is uniek en besluit self oor die diensareas. Vir elke diensarea word dan ‘n Diensleier (volgens gawes en passie) aangewys.

Verantwoordelikheid

Die Diensleier is verantwoordelik om in samewerking met ander lidmate, ‘n bepaalde diensarea te behartig soos die Here dit aan die wyk duidelik maak. Diensareas kan byvoorbeeld wees: dankoffer insameling, omgeebediening (bejaardes, siekes, ens), gasvryheidsbediening (nuwe intrekkers, verjaarsdae, ens), gebedsbediening, wykbyeenkomste lei, getuienisbediening, tegniese diens (“handyman”), ens. In hierdie diensareas word die Diensleiers bygestaan en toegerus deur die Wykleier en ander leiers soos benodig. Die Wyksleier koördineer hierdie bediening van diensareas en Diensleiers. Die Diensleiers gee by die wyksbyeenkoms terugvoer aan die wyk oor die bediening in die bepaalde diensarea, sodat die wyk daarmee kan help en daarvoor kan bid. Op hierdie manier strewe ons daarna om die Bybelse opdrag van Efe 4:12,16 en 1Kor 12 uit te leef.